## Week 4:




## "Ek is die opstanding en die lewe..."
## WORD SOOS JESUS...
## VOLG JESUS...

### Johannes 11

## Inleiding

Daar is 'n Japanese kunsvorm – **Kintsugi** – die kuns om gebreekte porselein stukke te herstel met goud, of goudstof – maak dit meer waardevol, word 'n kunswerk in eie reg.
Letterlik vertaal beteken **Kintsugi:** ***The art of precious scars***...





© Kintsugi par Myriam Greff

**Dieper dink:** Ons praat nie maklik oor ons scars/stukkende plekke/foute nie, is gewoonlik skaam daaroor en steek dit weg. Hoe kan hierdie ***Kintsugi-perspektief*** ons help om anders daaroor te dink?

As Jesus **in Johannes 11:25** sê ***"Ek is die opstanding en die lewe..."*** watter implikasie het dit vir alles in ons lewens wat dood is en wat doodmaak?

Jesus gebruik nie goudstof om ons stukkende heel te maak nie. Hy gee sy bloed, soos Jesaja 53:5 sê: "... deur sy wonde het daar vor ons genesing gekom..." en dit is sy bloed wat ons sonde afwas (1 Joh 1:7) en ons heel maak (Efesiërs 2:13—14). Dit is sy bloed oor en in jou lewe wt die stukkende dele bymekaar hou wat vir jou kosbaar maak!

**Dalk het jy die behoefte dat Jesus jou moet heel maak, nuut maak, vergewe... nuwe lewe gee**.
Gee genoeg tyd vir stilgebed sodat elkeen tyd kry om met die Here hieroor te praat.

## Nou lees ons die storie van Lasarus

### Lees **Johannes 11:1-6**

> Jesus gaan nie dadelik as Martha en Maria vir hom laat weet dat Lasarus siek is nie. Dit is vir ons vreemd dat Jesus nie dadelik help nie, veral omdat ons lees dat Hy vir hulle lief was (11:5, 36), maar ook tog bekend. Want ons almal het 'n storie van iets wat die Here nie vir ons gegee het waarvooor ons Hom gevra het nie.
>
> **Wat doen dit aan jou geloof as jy nie kry waarvoor jy vra nie**, of as die Here nie (dadelik) help nie?

Lees **Johannes 11:17-32**

In beide Martha en Maria se eerste reaksie as Jesus by hulle kom lees ons iets van **hierdie verwyt, of teleurstelling** dat Jesus nie geantwoord het of gekom het het of gehelp nie. Kyk weer na **v 21 en v 32.**

Maar, en dit moet bly glo, **die Here is nooit magteloos nie. Hy het 'n plan**. Wat sê Jesus self is sy plan in **11:4**?

*('n openbaring van God se mag*

*Jesus gaan verheerlik word)*

En nou die moeilike vraag: **Hoe verheerlik jy Jesus** as dinge nie uitwerk nie?

**Hoe sien mense God se mag** in jou lewe as dinge nie uitwerk nie?

Lees **Johannes 11:33-44**

**Jesus se hart breek** as hy Martha en Maria se hartseer en vrae sien. Drie keer lees ons dat Hy hartseer raak en huil **– v 33, 35, 38**

**Jesus se hart breek vir al ons hartseer en onseker en vrae en teleurstellings.** Hy verstaan hoe jy voel en waardeur jy gaan...

**Wat is daar wat jy vandag vir Hom wil vra of aan herinner?**

En Hy doen die onmoontlike en onverwagte**. Hy maak Lasarus lewend – v 43-44**.
Ons mag glo dat Hy die onmoontlike in jou lewe wil doen, omdat Hy vir jou lief is!

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur vir mekaar te bid.**